# GEROEP vir groei

## Plant waar jy blom!

**DEEL 2: Bly Gewortel**
12 Februarie 2023

Laas week het ds. bietjie gefokus op WES-Kerk, "Waar Elkeen SY Kerk is", en die betekenis daarvan. Ook op die frases: "Blom waar jy geplant is" - die passiewe manier, hoe ons stilstaan en wag vir mense om na ons toe te kom. En die "Plant waar jy blom" - die aktiewe manier. Waarookal jy gaan mag jy blom en bou aan die Koninkryk van God.

**Vandag werk ons met "Bly Gewortel", kom ons lees saam die inleiding daarvan in ons Groei-reeks boekie:**

***Het jy al 'n prentjie gesien, of as jy gelukkig genoeg was, in persoon gesien hoe 'n boom sy wortels vou om 'n enkele klip iewers op 'n berg? Dit "out of this world" om te dink dat daardie klip die hele boom ondersteun. Al wat die boom doen is groei, en groei, en groei. As die klip sterk genoeg is en goed geanker is in die grond dan kan die boom maar groei net soos hy wil want die klip sal hom stewig hou. Maar partykeer word die boom te swaar en die klip kan nie sy gewig ondersteun nie wat daartoe lei dat die klip breek en die wortels van die boom beskadig.***

***Dis dieselfde met baie goed in die lewe. Die huwelik kort 'n sterk fondasie tussen twee mense om suksesvol te wees. Ouerskap kort 'n sterk fondasie en spanwerk, anders gaan dit baie uitdagend wees. Waardes moet gevestig wees in 'n sterk fondasie, anders wat is die nut daarvan? Geloof... seker die belangrikste en moeilikste ding om te verseker dat die fondasie sterk is en sterk bly. Gelukkig weet ons Kolossense 2:6-7 leer ons:***

> ***"Aangesien julle dus Christus Jesus die Here aangeneem het, bly leef in Hom; in Hom is julle gewortel en in Hom word julle opgebou en versterk in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle oorvloedig is in dankbaarheid."***

Ons as Christene hou baie vas aan die Bybel -nie waar nie? Ons lewe volgens die Bybel. Party eet volgens die Bybel. Ons onderrig ons kinders volgens die Bybel en ons tugtig ons kinders volgens die Bybel.  Die keuses wat ons maak word beïnvloed volgens die Bybel? Dit is mos so? By party meer radikaal as ander.

Die ander dag sê iemand vir my die Bybel sê jy moet "lewe asof daar nie 'n môre is nie". En ek is soos "Uhm, waar sê die Bybel dit?" En sy is soos "My Bybel sê dit." Ek is soos "Ja nee ek hoor jou, maar waar?" Sy is soos "In my 1953 Bybel wat die regte Bybel is, sê dit so!"

Simpel voorbeeld om uit te beeld dat ons alles wat mooi is en goed en wys klink "gekry het uit die Bybel uit". Maar kom ons wees nou eerlik partykeer is dit nonsens en werklik simpel goed en kom dit nie daar uit nie, of nog erger word heeltemal uit proporsie geruk om by dit te pas wat jy kamma glo. Ons glo dit en weet nie eers waar dit staan of hoekom dit daar staan nie, maar leef ons lewens daarvolgens.

Daarom is dit baie belangrik dat ons Bybelkundig moet wees en konstant besig wees om te leer, want ongelukkig om net te leef op "die Bybel sê mos", sonder om dit REGTIG te LEES is gevaarlik. Ons is lewens is vandag baie ver verwyderd van die Bybel se leefwêreld, taal en die Bybelse tyd af. Ons kort nou, baie meer as toe, ekstra bronne om ons te help verstaan.

Nou ek is seker daarvan dat, as jy laas Sondag se preek bygewoon het, het jy gehoor ons werk bietjie met 'n boek "Subterranean" van Dan White wat die voorbeeld gebruik van die boom om die Kerk se groei te beskryf, eerder as die mooi "fancy" gebou. Ds. het laas week werklik so mooi opgesom wat hy gesê het daaroor so ek gaan dit nie herhaal nie maar gaan maak seker jy gaan luister daardie preek.

Dan White sê dat die nuwe "in-woord" deesdae is "radical", in Afrikaans - 'radikaal'. Hy sê dat ons baie keer dink dat as jy daardie woord voor enige ander woord sit, dan is dit asof jy dit super power gee:

- "Radical dieting" - jy dink aan die kolossale, mafoeta mens wat op 'n dieet moet gaan.
- "Radical transitioning" -  jy dink aan die ongelooflike, vinniger en beter verandering wat gaan plaas vind.
- "Radical changes" - laat jou dink aan die leë beloftes wat ESKOM maak oor loadshedding.

Maar Dan White sê ook ons kan die woord maar voor enige simpel ding sit en dit ook 'super-powers' gee - "Radical carwashing, radical house cleaning, radical gardening, radical gamer". Jy sien al hierdie prentjies van hoe die kar spierwit is van die seep of die tannie met haar japon en krullers in die hare en 'n mop in die een hand, stofsuier in die ander, skoppie en alles is net super vuil. Jy sien die oom op die John Deer trekker die grasperk om sy woonstel uitry om groente te plant.

En selfs nou in geloof wanneer ons dink aan God is dit 'n *radical* God. Hierdie God wat die wêreld geskep het uit sy asem en woorde - hoe meer *radical* kan jy kry? Ons het dit so mooi weer ontdek in ons vorige preekreeks.

Maar selfs as mense ons is geneig om 'n *radical* na te jaag. 'n Goeie voorbeeld is in die Bybel in Genesis 11 waar die mense die Toring van Babel gebou het om 'n punt te bewys. Die beweging wat ons dikwels sien met gelowiges in die Ou Testament was dat hulle hierdie radikale benadering gebruik het om te wys dat hulle glo aan God. Hulle bou groot tempels en aanbiddingsplekke. Want dit was die manier om 'n stempel af te druk - hoe groter die tempel hoe groter die god. Hoe groter die standbeeld hoe groter die god. God het hulle elke keer kom bewys dit is nie nodig nie, maar dit was half menslik en deel van wie hulle was om dit te probeer bewys.

Maar toe kry ons die Nuwe Testament en Jesus kom. En dink jouself in hoe teleurgesteld die mense was toe Hy wel kom. Want hulle het hierdie radikale Messias (volgens hulle eie standaarde) verwag en nou kry hulle - Jesus. Hierdie kalm ou wat Homself nie sommer steur aan te veel mense en hulle sêgoed en die manier wat hulle dinge glo en doen nie.

En dan lees ons in Matteus 7 in Jesus se bergrede die volgende:

> 24"Daarom sal elkeen wat na my woorde luister en daarvolgens handel, soos 'n verstandige man wees wat sy huis op rots gebou het. 25Toe die reën begin val en die stormwaters kom en die winde waai en daardie huis tref, het dit nie ineengestort nie, omdat dit stewig op rots gevestig was. 26Maar elkeen wat hierdie woorde van My hoor en dit nie uitvoer nie, sal soos 'n onverstandige man wees wat sy huis op sand gebou het. 27 Toe die reën begin val en die stormwaters kom en die winde waai en daardie huis tref, het dit ineengestort, en die ineenstorting was geweldig." 28Toe Jesus sy redevoering voltooi het, was die skare verstom oor sy lering, 29omdat Hy hulle geleer het soos iemand met gesag en nie soos hulle skrifkenners nie.

Nou dit is 'n mooi gedeelte, maar watse woorde van Jesus bedoel Hy? Wat sê Hy eintlik? Want as ons vandag nog sukkel om te verstaan wat hy sê, hoe het mense Hom daardie tyd verstaan? Hoe handel ek volgens die woorde wat ek nie eers regtig verstaan nie? En hoe weet ek ek het 'n sterk fondasie – dat my wortels sterk is? Dit is alles goeie vrae.

Hoor wat sê Kolossense 2:6-7.

> 6 Aangesien julle dus Christus **Jesus die Here aangeneem het,**
> bly **leef in Hom;**
> 7 in Hom is julle **gewortel**
> en in Hom word julle **opgebou** en
> **versterk** in die geloof,
> soos julle geleer is, terwyl julle oorvloedig is in dankbaarheid.

So eenvoudig:

1. Jy neem Christus die Here aan.
1.1. Want In Hom is jy gewortel
1.2. Hy bou jou op
1.3. Hy versterk jou geloof.
2. Jy leef in Hom deur dankbaarheid.

Verder lees ons in dieselfde hoofstuk:

> 8 Pasop dat niemand julle meevoer deur 'n filosofie en leë bedrieëry, wat gegrond is op menslike tradisie en teorieë oor die kosmiese elemente, **en nie op Christus nie.** 9 **Want in Hom woon die hele volheid van die Godheid liggaamlik.** 10 En in Hom, wat **Hoof oor elke heerskappy en mag** is, is julle met hierdie volheid vervul.

Die fondasie waarop jy jouself vestig, waar jy gewortel moet wees, is Christus die Hoof oor alle heersers, want Hy is Gegrond in die Goddelike liggaam. Dit beteken jy is gegrond in die Goddelike liggaam. Daarom, moet jouself nie steur aan al hierdie ander goed wat nie in Christus Jesus gegrond is nie.

Ons lees verder in Kolossense 2:

> [11] In Hom is julle ook **besny**, nie met die besnydenis deur mensehande nie, maar deur die besnydenis van Christus, waardeur julle sondige bestaan weggeneem is. [12] Omdat julle in die **doop saam met Hom begrawe is**, is julle ook saam met Hom opgewek deur die geloof in die krag van God, wat Hom uit die dood opgewek het. [13]Ja, toe julle **dood** was as gevolg van julle oortredings, en julle sondige aard nog nie weggesny was nie, het Hy julle saam met Hom **lewend** gemaak, deurdat Hy al ons oortredings vergewe het. [14]Hy het die skuldbewys met sy aanklagte teen ons uitgewis en dit blywend weggeneem, toe Hy dit aan die kruis vasgespyker het.

Sien jy dat jy deel het aan die doop, dus die liggaam en lewe van Christus, maar ook deel het aan die dood en die vernuwing. Nie omdat jy so goed is nie, maar omdat Christus sy lewe vir jou afgelê het.

Kolossense 2:20-22 sê:

> [20] As julle saam met •Christus die kosmiese elemente afgesterf het, waarom is julle, asof julle nog as deel van die wêreld leef, steeds gebonde aan voorskrifte soos: [21]"Moenie daaraan vat of proe of raak nie"? [22]Dit is alles dinge wat deur gebruik tot niet gaan, en gebaseer is op mensgemaakte voorskrifte en leringe.

Omdat jy deel het aan Christus kan jy die kosmiese elemente afskryf - dus die aardse goed wat jou weerhou daarvan om te kan deel hê aan die liggaam van Christus. Want dit maak niks saak nie. Dit is vir my so *amazing*! Ek wens ek kon leef in die tyd van Jesus en Hom net volg en net kyk wat Hy gedoen het en hoe Hy hierdie uitgeleef het.

Jesus was eintlik werklik 'n "radical".
Hy was nie radikaal soos hulle verwag het Hy moes wees nie. Hy het nie kom oorlog voer en mense weggeneem en als nie, maar een ding van Jesus wat so besonders is, is dat Hy Hom nie gesteur het aan wette en wat mense sê nie.

Hy het nie omgegee oor die mense se status nie - of dit nou 'n vrou was, en of dit 'n sondaar was, 'n tollenaar of 'n verlamde mens of selfs 'n prostituut. Hy het by hom gaan sit en eet. Met haar gesit en gesels. Hy het eerder gefokus om 'n verhouding met daardie mens te bou.

Hy het homself nie besig gehou met of jy 'n langbroek aantrek kerk toe of 'n kort broek nie. Of jy nou 'n Engelse liedjie sing of 'n Afrikaanse een nie. Want Hy weet wat belangrik is!

Ten spyte daarvan dat ons die Bybel, en daarom Jesus en woorde en aksies, al vir meer as 2000 jaar het, is dit steeds die ding waarmee ons sukkel. Ons probeer alewig om ons eie invloed orals te probeer indruk. ONS mag. ONS 2 sent. Hou ons aan om reëls en regulasietjies te maak om te onderskei of jy goed genoeg is of nie om die Here te prys.

Jesus se "radical mindshift" het veroorsaak dat mense hom volg. Hy het gestaan vir dit wat belangrik is. Dat die een wat Hom aanneem deel sal wees van sy Liggaam en sy Koninkryk. Dit is die fondasie, waarin Christus elke dag geleef het en waarmee Hy gekom het om ons te leer om ook so te leef. Christus is die fondasie en omdat jy hom liefhet, leef jy in Hom en Hy deur jou.

Ek sien nou die dag die outjie wat onder by Pick n Pay werk dra 'n bandjie – "WWJD". Dit staan natuurlik vir: "What would Jesus do", en ek het altyd gedink dit is nogal simpel, want wat gaan die bandjie nou aan my lewe maak? Maar - mag ek jou vanoggend ongemaklik genoeg gemaak het om te gaan sit en dink wat vat plek op in jou fondasie wat onnodig is. Wat is daar wat in jou wortels se pad bly staan om werklik in Jesus, die enigste fondasie, gewortel te bly?

Dit klink dalk cliché, maar dalk is dit weer tyd dat ons onsself werklik weer begin afvra – "What will Jesus do?"  Of dalk "What won't Jesus do?"

**Amen**